

Maandag 14 September

Skrifgedeelte: Ester 2:1-8

Fokusgedeelte: Ester 2:1-8

God se voorsienigheid vir sy volk te midde van groot gevaar (2)

Gister het ons gelees van die agtergrond waarom die koningin-troon nou vakant is. Die koning is duidelik spyt oor wat gedoen is, sy amptenare het moontlik geweet dat hy gaan wees, en daarom sê hulle dat die besluit onherroeplik moet wees (1:19).

Die raad wat die koning se amptenare vir hom gee, spreek glad nie van versoening en vergifnis nie. “Kry iemand anders!” sê hulle. Weereens aanvaar die koning hulle raad.

Hulle hou ’n skoonheidskompetisie. Die mooiste meisie word koningin. Hier begin die verhaal dan vir ons ’n kykie gee op wat besig is om te gebeur. Indien die Joodse meisie Ester wen, gaan sy die koningin word van hierdie wispelturige koning! Wat ’n krisis!

Die vraag is steeds: Waarmee is die Here besig? Indien dit waar is dat God alles en almal in sy hande hou, indien dit waar is dat Hy in beheer is en regeer (Ps. 93), waarom laat Hy toe dat arme Ester aan hierdie kompetisie deelneem? Waarskynlik ken jy die geskiedenis van Ester verder, maar dikwels sukkel ons so om die Here te verstaan omdat ons nie die volle prentjie het nie. Die Here weet wat kom, en daarom is Hy nou al besig om in Ester se tyd die legkaartstukke bymekaar te sit. Hy wil nie die sonde nie, maar in sy almag kan Hy dit wel gebruik om sy volk te red.

So ook in ons eie lewe, daar is dikwels dinge wat ons nie verstaan nie, maar ons vertrou is dat ons liefdevolle Vader alles ten goede laat meewerk. Dat Hy die helder en donkerkleurige stukke van my lewe bymekaar kan sit om sodoende ’n volle, pragtige prent te laat voorkom.

Maar kom ons hardloop Ester nie vooruit nie ... môre lees ons wat gebeur verder met Ester, die mooi Joodse meisie ...

Sing: Psalm 66-1:1, 2

Ds. DG Zwemstra (Dinant) (Strand)